### *Die ware gebed*

**111** Toe ons onsself almal weer op die oewer bevind, sê **die hoofman**: "Meester, nou het ek bewyse in oorvloed dat U die Allerhoogste Elohim Self of Sy Seun is, want `n sterflike mens kan U nie wees nie!"

[2] Daarop val almal voor My op die knieë neer en wil My aanbid.

[3] Maar **Ek** beveel hulle om op te staan en sê aan hulle: "Luister, dit alles is voor Elohim en My nie nodig nie, want die enigste ware gebed is die opregte liefde tot Elohim, die Vader in die hemel en eweneens tot jou medemens, jou naaste. Alle ander gebede het voor Elohim en voor My geen waarde nie.

[4] Elohim het die mense ook nooit geleer om Hom met die lippe te eer en die harte koud te laat nie. Maar omdat Samuel hardop voor die volk gebid het, ook so enkele profete, en omdat Dawid voor Elohim die Meester, sy psalms gesing het, en Salomo sy hooglied gesing het, het die hele volk tot `n losse lippegebed en tot koue aanbiedinge gekom.

[5] Maar vir Elohim is sulke gebede en aanbiedinge `n gruwel! Wie nie in sy hart kan bid nie, die moet liewers gladnie bid nie, sodat hy homself nie voor Elohim onbetaamlik gedra nie! Elohim het nie aan die mens voete, hande, oë, ore en lippe gegee om daarmee ydel en sinneloos te bid nie! **Hy het slegs die hart vir bid gegee!**

[6] Tog kan elke mens ook met die voete, hande, oë, ore en lippe bid. Met die **voete**, as hy na die armes gaan en aan hulle hulp en troos bring. Met die **hande**, as hy hulle met hulle nood en lyding ondersteun. Met die **oë**, as hy graag omsien na die armes. Met die **ore**, as hy graag en tot dade bereid is om Elohim se Woord aan te hoor, en sy ore nie te sluit vir die versoeke van die armes nie. Ten slotte met die **lippe**, as hy gaan om die arme, verlate weduwees en wese te troos, en vir die gevangenes, sover dit binne sy mag en krag is, by diegene insette te lewer om hierdie arme mense vry te kry wat dikwels onskuldig gevange gehou word.

[7] Ook bid `n mens met die **lippe** as hy die onkundiges leer en hulle bring tot die ware geloof, tot die korrekte kennis van Elohim en tot allerlei nuttige deugde. Dit alles sien Elohim wel as `n pragtige gebed.

[8] Noudat julle dit weet, handel maar daarvolgens - en Elohim se seën sal julle nooit ontbreek nie! Want dit is om Elohim in Gees en in Waarheid te aanbid.

[9] Weliswaar staan dit geskryf dat die mens sonder ophou moet bid en om nie in die versoeking te kom nie. Maar hoe kinderagtig en dwaas sou dit nie gewees het as Elohim van die mens `n onophoudelike lippegebed sou verwag nie! Dan sou die mens, om Elohim welgevallig te wees, dag na dag onafgebroke op sy knieë moes deurbring en onophoudelik inhoudlose hartsgebede en sinnelose lippegebede moes uitkwetter soos die voëls in die lug! Wanneer sou hy dan die noodsaaklike werk kan doen? Maar as jy met jou voete, hande, oë, ore en lippe steeds so besig bly en in jou hart gedurig vir Elohim en jou naaste liefhet, dan bid jy waarlik en mettertyd sonder onderbreking tot Elohim. Hy sal jou daarvoor ook altyd seën en eendag in die hiernamaals `n welgeluksalige lewe gee! - Het julle dit alles goed verstaan?"

[10] **Almal** sê: "Ja, Majesteit en Meester, dit is so duidelik en waar soos die lig van die son, en ons sal almal daarvolgens handel!"

[11] **Ek** sê: "Goed dan, My liewe vriende, laat ons dan nou weer na die stad terugkeer!"

[12] Aan die agt knegte sê Ebahl dat daar `n paar moes saamgaan, dan sou hy vir hulle brood, wyn, visse en vrugte saamgee vir hul lewensonderhoud. - Dadelik gaan daar ses saam en Ebahl voorsien hulle ryklik van voorraad.

### *Huisreëls en liefde*

**112** Toe ons tuiskom, wil die kinders ook by My bly.

[2] Ebahl hou egter strenge huisreëls en daarom verbied hy in besonder die meisies en altwee vroue en sê: "Julle het nou genoeg gesien, meegemaak en gehoor, onthou dit en leef daarvolgens, dan sal julle nie sonder seën bly nie, soos wat die Meester Self aan julle by die see gesê het. - Maar gaan nou weer aan met julle werk!"

[3] Die meisies en beide moeders trek hulleself met weemoedige harte terug en gaan na hul vertrek, waar Ebahl se huis baie van het, want dit was maklik die grootste huis in die hele Genésaret.

[4] Maar **Ek** sê daarop aan Ebahl: "Vriend, waarom stuur jy hulle weg? Weet jy, dit is wel korrek om streng en goeie huisreëls vir die kinders voor te hou, en dit is baie prysenswaardig om die meisies van die wêreld te bewaar, maar kyk, hier waar Ek is, is geen gevaar dreigende wêreld nie, maar slegs `n hemel vol seëninge, en dit moet jy jou kinders nie misgun nie!"

[5] Toe **Ebahl** dit van My hoor sê hy: "O, as hulle vir U maar nie te lastig is nie, sal ek hulle dadelik weer hierheen laat kom! Maar my kinders staan graag

oopmond en toekyk en klets, en daarom stuur ek hulle weg sodat hulle U nie lastig val nie."

[6] **Ek** sê: "Noem eers één ding ter wêreld, behalwe die groot slegtigheid van die mense, wat vir My lastig sou kon word? - Gaan en bring hulle almal weer hier!"

[7] Ebahl gaan en bring hulle almal weer na My toe. En die jongste meisie het dadelik na My toe gekom en begin My te streel en te omarm.

[8] Ebahl verbied haar dit en sê dat dit onhebbelik was.

[9] Maar **Ek** sê aan hom: "**Vriend, laat haar begaan, want sy het al die beste deel gekies! Ek sê vir jou en aan julle almal: Wie nie soos dié meisie na My toe kom nie, sal die weg na die Ryk van Elohim nie vind nie! Dié kind het dit al gevind! Julle moet met liefde, en wel met die vurigste liefde na My toe kom, as julle die ewige lewe wil oes!**

[10] Die meisie bewys met hierdie daad, wat sy in haar hart voel, maar julle praat verstandig en hou julle harte koel! Skiet dit julle dan nog nie te binne wie Ek sou kon wees en ook werklik is nie?"

[11] Dan val almal neer en **Ebahl** pak My voete vas en kus hulle nederig en sê na `n lang pouse vanweë die groot ontsag: "Meester! Ek het dit al lank gevoel, maar die moed daartoe het my ontbreek!"

[12] **Ek** sê: "Nou, straf dan nie die meisie nie, **omdat sy julle almal moed gegee het om na My toe op die water te kom! Hier het sy julle weer moed gegee om My lief te hê!** O, Ek hou dan ook baie van die meisie! Sy het wat julle nog moet soek en nie so vinnig sal vind nie! Streef egter na die ware lewende liefde vir Elohim en die naaste, dan sal julle ryklik barmhartigheid en seën ontvang!"

[13] **Die hoofman** sê: "Meester, ek het behalwe vir my vrou en my talle kinders, wat hulle in Rome bevind, nooit liefde vir iemand gevoel nie, maar handel steeds redelik volgens reg en billikheid. Ek handhaaf die wet nooit streng nie, maar altyd mildelik en dit gaan steeds goed. Maar nou voel ek dat `n mens die mense moet liefhê en hulle uit liefde moet laat goeddoen, dit wil sê: `n Mens kan self wil om die mense volgens krag en moontlikheid dit te gee wat `n mens vir homself as regverdig en nodig sien - en dit is naasteliefde.

[14] Wel, as mens die naaste só liefhet, dan het mens Elohim daardeur ookal lief. Bedink mens egter by die liefde tot Elohim dat Elohim Self die eerste en volmaakste liefde moet wees, en slegs as gevolg daarvan die sigbare en geesteswêrelde geskape het, dan moet hierdie suiwere gedagte wel die hoogste liefde tot Elohim die Skepper opwek in die geskape mens, en die mens kan dan nie meer vermy om Elohim, as die liefdevolste Skepper van alle dinge, bo alles, met al die kragte wat in hom lewe, lief te hê nie.

[15] Omdat ek nou na alles wat Ek van U gedurende hierdie paar dae gesien en gehoor het, sonder twyfel aanvaar dat U die Skepper Self of anders sekerlik Sy ewige Seun is, **en U Hom hier op die aarde aan ons in ons vorm vertoon**, en ons leer om Elohim en U te ken, is dit `n noodsaaklike gevolg dat ook ek U bo alles moet liefhê. Ook al het ek nie die moed om U so te omarm soos die waarlik heel gevoelvolle meisie nie, dan **omarm ek U tog in my hart en prys U bo alles!** En ek glo dat dit so ook goed is."

16] **Ek** sê: "So is dit heeltemal goed, maar beter is dit as die liefde ook so groei soos by hierdie meisie! - Kyk maar eers hoe sy letterlik gloei van liefde vir My!"